TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SA
POSBUS 55549
ARCADIA
0007
15 JANUARIE 1994

NUUSBRIEF NR 1/94

Geagte Lid

Namens die TBK wens ons u en u gesin 'n baie voorspoedige jaar toe en hoop dat ons hierdie jaar die suksesvolste jaar gaan maak en dat die TBK nog baie verder sal uitbrei en dat die ledetal sterk sal aangroei.

Voortaan sal die nuusbriewe deur die Pretoria-tak van die TBK uitgestuur word. Ons vra ons lede en TBK-takke om nuusbrokkies, bv verplasings/veranderings van adresse, byvoegings tot familie, waar lede ons ontval het ens. ens aan ons by bogenoemde adres te stuur. As u nie nuus het nie, lewer kommentaar oor die nuusbrief! Ons kan selfs advertensies van plate, platespelers, grammofone, konsertinas ens. wat u soek, of wil verkoop, vriende wat u soek, plaas (as spasie dit toelaat). Kom ons werk saam en probeer om hierdie sommer 'n lekker nuusbrief te maak.

Tydens die AJV van die TBK te Esselen Park op 30 Oktober 1993, het Dr Ed Retief die leisels aan Mnr Jasper Vlok (Bloemfontein) as voorsitter van die TBK oorhandig. Langs hierdie weg wil ons vir Dok Retief nogmaals hartlik bedank vir die harde werk wat vir die TBK gedoen het - en wat Dok nog in die toekoms vir die TBK gaan doen - ons waardeer dit baie en ons gun jou die ruskans na 4-1/2 jaar in die tuig. En aan Jasper, baie geluk met jou verkiesing as voorsitter en ons hoop van harte dat jy die TBK na groot hoogtes sal lei.

Die TBK se hoofbestuur is soos volg : Mnre Jasper Vlok (Voorsitter), Stefaan van Zyl (Sekretaris), Fred Nelson (Penningmeester), Danie Labuschagne, Sam Keyter, Kobie Harmse, Ben Snyman en Danie Grey. Mevv H. Swart en Gerda Du Plessis is as geko-opteerde lede verkies. Die Voorsitters van die TBK takke, nl Mnre Piet Bester (Pietersburg), Ben Bester (Hartswater), Ben Louw (Wesrand), Jasper Vlok (Bloemfontein - huidiglik) en Tom Adams (Pretoria), dien as ex-officio lede op die hoof komitee.

1. PRETORIA NUUS : Die Pretoria-tak van die TBK het vyf byeenkomste te Esselen Park vir hierdie jaar beplan. Die eerste byeenkoms is op die **5DE FEBRUARIE** en die volge-nde op die **30STE APRIL.** Die **ALGEMENE JAARVERGADERING** van die Pretoria-tak vind op die **4DE JUNIE 1994 om 15H00 (3NM)** plaas. Maak maar solank 'n aantekening op u kalender.

2. REKENINGS : Gedurende Oktober 1993 is 497 rekenings aan lede gepos vir ledegeld uitstaande vir 1992 en 1993. Ons wil die lede, wat nog nie hul rekenings vereffen het nie, tog **GROOT ASSEBLIEF** vra om dit so gou moontlik te doen. Ons het 'n geweldige taak om die ledegeld op datum te hou, en aangesien posgeld 'n groot hap van ons finansies wegvat, sal dit baie moeite en geld spaar as die rekenings vereffen word. U samewerking word baie waardeer. Ons moes ongelukkig 71 lede van ons ledelys verwyder wat versuim het om hul ledegeld vir 1991/1992 te betaal.

Wat opvallend is, is dat lede baie traag is om hul ledegeld na die eerste jaar van lidmaatskap te hernu, met die gevolg dat ons dan rekenings moet uitstuur.

Indien u rekening betaal is en u het nogtans 'n rekening gekry, stuur ASB u rekening met die kwitansie-nommer en datum van betaling aan bogenoemde adres. Ons wil nie onnodig op lede se tone trap nie, maar ons wil graag die rekenings uitsorteer.

3. OUDSTRYDERS : As daar enige van ons lede wat 70 jaar en ouer is, versoek ons u om 'n gewaarmerkte fotostaat van u identiteitsdokument na bogenoemde adres te stuur. U lidmaatskap sal gratis wees en u sal die nuusbriewe, OPSKOMMEL en u verjaarsdagkaartjie nog steeds ontvang.

4. PLATE EN KASSETTE : Die kontakpersoon is Mev Gerda Du Plessis, telefoonnommer 012-5480956 of skryf aan Posbus 13556, SINOVILLE 0129.

SLS 22 BAANBREKERS VOL.2 IS NOU BESKIKBAAR BY MEV G. DU PLESSIS.

Die TBK beoog om die volgende plate/kassette gedurende die jaar die lig te laat sien :

i. **DAWID DE LANGE VOL 2**
ii. **'n FAAN HARRIS VERSAMELING**
P.L.U.S. N.O.G. T.W.E.E.

U sal op hoogte van sake gehou word deur die nuusbriewe.

5. LEDEGELD : Op bladsy 30 van **OPSKOMMEL NR 1/93 SEPTEMBER 93** word daar gemeld dat die TBK bestuur op die AJV gaan versoek dat ledegeld na R30-00 per jaar met ingang van 1 April 1994 aangepas word. Tydens 'n hoofkomitee vergadering gehou op 11 Januarie 1994, is daar besluit dat **LEDEGELD MET INGANG VAN 1 APRIL 1994 NA R30-00 PER JAAR VERHOOG SAL WORD.** Hierdie verhoging is genoodsaak agv die posgeld, drukwerk, administrasiekoste ens ens. Na verskeie telefoon-oproepe kon daar NIE vasgestel word wanneer die ledegelde laas verhoog was nie !

6. "VERMISTE" LEDE : Die volgende is 'n lys van TBK lede wat van adres verander het, maar nie vir ons laat weet het nie. Weet enige iemand miskien wat die regte posadresse is ? Laat ons asb weet by bogenoemde adres.

a. Mnr J.J. Booyzen, Vickers No 5, Brandwag 9301
b. Mnr M.W. De Beer, Thabazimbistraat 10, Wespark 0183
c. Mnr A.J. Fourie, Syringastraat 7, Pullen's Hope 1096
d. Mnr C. Gerlach, Posbus 23929, Innesdale 0031
e. Mnr G. Holtzhausen, Brookeweg 43, Orkney 2620
f. Mnr G.F. Horn, Posbus 881, Evander 2280
g. Mnr H.W. Hughes, Giraffestraat 12, Monumentpark 0181
h. Mnr J.N. Human, Zebrastraat 12, Faunapark, Pietersburg 0699
i. Mnr D.P. Knight, Posbus 8008, Bloemfontein 9300
j. Mnr F.C. Kriel, Bergstraat 24, Hamberg 1724
k. Mnr D.G.E. Lombard, Katlagterstraat 169, Kwaggasrand 0183
l. Mnr H.S. Luus, p/a Leydsstraat 13A, Standerton 2430
m. Mej A.M. Strydom, Isolde W/stel 603, Walkerstr, Sunnyside 0002

n. Mnr J.G. Uys, Posbus 85, Hartswater 8570
o. Mnr W.J. Van der Merwe, Korannastraat 4, Allanridge 9490
p. Mnr C.M. Vd Westhuizen, Lenchenstraat 501, Erasmia 0183
q. Mnr B.J van Wyk, Posbus 1924, Bloemfontein 9300
r. Mnr J.S.M. Verreyne, Posbus 425, Hartswater 8570
s. Mnr C.A. Viviers, Posbus 589, Orkney 2620

7. BLOEMFONTEIN-TAK NUUS : Die eerste TBK byeenkoms in Bloemfontein is op die **19 FEBRUARIE 1994, om 16H00 (4nm),** in die POSDUIF-saal, wanneer die **ALGEMENE JAARVERGADERING** sal plaasvind. Daar word groot dinge vir die aand beplan. Die volgende byeenkoms daarna is op 16 April. Verdere datums sal in die volgende nuusbrief bekend gemaak word.

8. PIETERSBURG-TAK NUUS : Die tak bied, in samewerking met die Pietersburgse Stadraad en die Noord-Transvaalse Raad vir Kultuursake 'n boeremusiekfees aan op die 29ste Januarie.
Die verrigtinge begin reeds om 10h00 (10vm) met die uitstalling van ou musiek instrumente en fotos in die Pietersburg museum (Irish House, h/v Mark en Vorsterstrate), deur die Burgemeester van Pietersburg, waartydens die Snyman seuns van Cullinan sal optree. Die onthulling van die banjo en basvioolspeler, deur die Burgemeester, vind om 11H30 (11.30vm) op die Stadsplein plaas. Boeremusiek en vleisbraai vir die publiek is tussen 12H00 en 18H00 (12 - 6NM) voor die Jack Botes saal. Die Pretoria Tradisionele Boeredansklub tree die aand om 18H00 (6nm) in die Jack Botes saal op. Musiek sal deur die Oudag Boere-orkes verskaf word. Die dans begin om 19H00 (7nm). Die volgende musikante sal ook optree : Oom Manie Bodenstein, Oom Piet Bester en Tom Senekal. Die Kruinstad Boere-orkes sal vir die eerste keer in Pietersburg optree.
Toegang : R10-00 per persoon. n Kontantkroeg sal beskikbaar wees. Gratis pap, sous en braaivure sal beskikbaar wees. Braaipakkies, koeldrank en ander eetgoedjies sal te koop aangebied word.
Die volgende byeenkoms is op **16 APRIL 1994** by die Verre Noord Kampterrein, wanneer die **ALGEMENE JAARVERGADERING** sal plaasvind. Maak maar solank 'n aantekening van die datum.

9. HARTSWATER-TAK NUUS : Die eerste TBK byeenkoms in Hartswater is teen die einde van Maart 1994. Verdere datums sal in die volgende nuusbrief bekend gemaak word.

10. WESRAND-TAK (KRUGERSDORP) : Die eerste TBK byeenkoms in Krugersdorp is op die 5de Maart te Randfontein (moontlik die stoeisaal). Die tak se **ALGEMENE JAARVERGADERING** vind op die **7DE MEI** in die Luipaardsvlei ontspanningsaal (Krugersdorp) plaas. Maak ook maar solank 'n aantekening van die datums.

11. KORRESPONDENSIE : Lede word vriendelik versoek om, waar moontlik, u lidnommer te gebruik - dit maak dit soveel makliker om die regte persoon se informasie op te soek, aangesien ons heelwat lede het met dieselfde van en voorletters. U lidnommer is vier syfers wat op die adres-etiket of rekening verskyn. U samewerking sal waardeer word.

12. VERJAARSDAGKAARTJIES : As u nie 'n verjaarsdagkaartjie ontvang nie, is dit omdat u nog nie vir ons van u verjaarsdag in kennis gestel het nie. Ons benodig slegs die dag en maand. Stuur vir ons die informasie en u verjaarsdagkaartjie sal aan u gepos word.

13. EERSTE BUITELANDSE LEDE : 'n Aansoek om lidmaatskap is ontvang van Mnr Elbie Reyneke De Kock van Kanada - in egte Afrikaans ! Ons verwelkom Mnr De Kock by die TBK en hoop dat hy Tradisionele Boeremusiek in Kanada sal kan bevorder ! Vir die lede wat Mnr De Kock ken, gee ons graag sy adres indien u aan hom wil skryf : **MR E.R. DE KOCK, 408-2243 FOLKESTONEWAY, WEST VANCOUVER B.C., CANADA V75 SY7**
Mnr De Kock, u kan gerus so af en toe van u kant af laat hoor.
Dan het Dr J.C. Greeff, voorheen van Monumentlaan 122, Lyttleton, het na Wes Australia verhuis. Sy nuwe adres is : **PO BOX 757, KATANNING, 6317, WESTERN AUSTRALIA.** Ons wens hom en sy gesin alles van die beste toe en hoop dat hy ons nie sal vergeet nie. Dokter, u kan gerus vir ons 'n briefie in die pos gooi!

14. RADIO PRETORIA UITSENDING : Die klub wens Danie Labuschagne baie geluk met sy lewendige uitsending op Radio Pretoria van TBK musiek en geselsies op Saterdag 11 Desember 1993. Asook vir die gereelde uitsendings daarna op Saterdae, om 17H15 (5.15nm) op Radio Pretoria. Baie dankie vir die harde werk, Danie - die klub waardeer dit baie. Dan wil ons, names die TBK ook vir Johannes vd Walt by Radio Pretoria, baie dankie sê vir die moeite wat hy doen om tradisionele boeremusiek te bevorder. Ons hou styf duim vas dat die uitsendings 'n vaste instelling sal word.

15. EERSTE ADVERTENSIE : Dr J.C. Greeff het twee (2) 3-ry Wheatstone konsertinas by Stefaan van Zyl gelos om te verkoop. Indien u belangstel, skakel asb vir Stefaan by telefoon- nommer 012 - 3436703 na ure.

16. OUJAARSDAG-AAND DANS (31 DESEMBER 93) : Die dans, wat deur die OUDAG BOERE-ORKES aangebied was, was 'n reuse sukses. Alhoewel daar tegniese probleme aan die begin was, toe die versterker geblaas het, het die aand verder baie goed verloop. Daar is besluit om weer 'n dans op die 31ste Desember 1994, te Esselen Park ontspanningsaal, aan te bied. Weens redes (onbekend) was die kontant-kroeg nie beskikbaar nie. Ons bedank almal wat betrokke was by die organisering van die dans - dit word baie waardeer en hoog op prys gestel.

So kom ons dan aan die einde van die eerste TBK Nuusbrief vanuit die Jakaranda stad. Ons hoop dat u die informasie sal kan gebruik. Laat van u hoor - onthou, nuus kom nie net van een plek af nie !!

Beste wense en tradisionele boeremusiek groete,

Adams

(T.E. ADAMS : VOORSITTER : PRETORIA-TAK VAN DIE TBK VAN SA